Vandag se tema: Die vierde vrug van die Gees is dat Hy jou herinner aan God se geduld met jou sodat jy ook geduldig is.

Lofsang ter voorbereiding van die erediens
Lied 199: 1, 2, 3
Lied 184: 1, 3, 4
Lied 514: 1, 2

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied: Ps. 145 - 1: 1, 5

Votum kom uit Psalm 86:15–17
15U, Here, is ’n barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. 16Sien my, u dienaar van my geboorte af, in genade aan, gee U my tog krag en red my.

Seën
Loflied Ps. 103 - 1: 1, 4, 9
Geloofsbelydenis: Apostoliese Geloofsbelydenis

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Eksodus 20
Sing Ps. 38 - 1: 1 en Ps. 86 - 2: 6
Gebed

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Eksodus 34: 4 - 10
Efesiërs 4: 1 - 6
Kolossense 3: 12 - 14.
Teksverse: Galasiërs 5: 22
Sing: Sb. 9 - 4: 4 (kleuters gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Gebed
Sing Sb. 11 - 4: 1, 2, 3
Seën;
Amenlied Sb. 13-3.

Geliefde brs en srs en kinders

Is jy ʼn geduldige mens? Het jy geduld met ander mense en hulle swakhede? Of word jy vinnig kwaad. Die ander woord vir geduld is "lankmoedig". Kinders, lankmoedig beteken jy is iemand wat baie kan verdra sonder om kwaad te word. Dus: kan jy geduldig bly wanneer mens dinge doen waarvan jy nie hou nie? Kan jy lank moed hou wanneer iemand jou beledig of verkeerde dinge van jou sê of verkeerd teenoor jou optree? Het jy geduld met iemand wat van jou verskil of wil jy sommer humeurig raak en aan die baklei gaan?

Hoeveel geduld – dink julle - het mense in die algemeen met mekaar of met hulle omstandighede? As ek kyk hoe ons bestuur en in die verkeer optree, dan dink ek ons almal kort bietjie geduld. Of die geduld wat ons openbaar wanneer ons moet wag? Alles moet mos gou en vinnig gebeur want ons het nie tyd nie!!

Maar kom ons kyk nog bietjie dieper! Die "geduld" van ons teksvers het nie net te doen met my optrede teenoor ander mense nie! Daarom dié vraag: liewe br en sr, hoeveel geduld het jy met God?
Het jy geduld met die manier waarop Hy jou lewe lei? Kan jy geduldig op die Here wag as jy in die nood is? Kan jy met geduld die omstandighede verduur wat Hy op jou lewenspad bring?

Geliefdes, "geduld" as vrug van die Gees se werk in jou lewe, is nie sommer maar iets waaroor jy vinnig kan lees en dink: geduld is nou nie so belangrik soos liefde of vreugde of vrede nie. Ek is nou maar een maal nie ʼn geduldige mens nie en ek wil nie hiermee sukkel nie!

Nee, jy kan nie sommer so maklik van die "geduld" in ons teksvers wegkom nie! Nie as jy regtig verstaan waaroor dit hier gaan nie! Geliefdes, "geduld" het alles te doen met hoe jy die Here sien. Dit het te doen met wie God is en hoe Hy met jou geduldig optree. En God se optrede teenoor jou het ingrypende betekenis vir die wyse waarop die Here wil hê jy met geduld moet lewe.

| |
|---|
| Daarom vat ons die boodskap van die Here vanmore so saam: Die vierde vrug van die Gees is dat Hy jou herinner aan God se geduld met jou sodat jy ook geduldig is. |

Brs en srs, onthou julle nog wat die eerste eienskap van liefde is waaroor Paulus in 1 Kor 13: 4 skryf? (Wys eerste skyfie) Die liefde is........geduldig! ja, geduld is die uitoefening van my liefde – my liefde vir God en my liefde vir my naaste! Ons het gehoor dat God liefde is, maar God is ook geduldig! En net soos God sy liefde vir ons met geduld betoon het, moet ek en jy dit ook teenoor God en teenoor ons naaste uitleef!

Kom ons kyk eers na God! God is ʼn geduldige God! Ons het in Eksodus 34 gelees dat God Hom so aan Moses geopenbaar het (wys skyfie 2) [6]Terwyl Hy by Moses verbygaan, roep die Here: "Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. [7]Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte. Ek

vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie."

God het baie geduld met sondaarmense! Hy ken ons in ons menslike swakheid en wil ons geduldig lei sodat ons gered kan word en geduldig vorm Hy die nuwe lewe in ons! Hoor wat skrywe Paulus op twee plekke in Romeine oor God se geduld met ons:

In Rom. 2:4 staan daar: [4]God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie?

En in Rom. 9:22 skryf hy: " [22] (God) wou sy toorn laat sien en sy mag bekend maak. Daarom het Hy die voorwerpe van sy toorn, die mense wat reg was om verdelg te word, met groot geduld verdra."

Geliefdes, Die Here God openbaar vandag nog sulke geduld ons! Ons lees daarvan in 2 Pet. 3 waar Petrus skryf oor die komende Wederkoms en die tyd wat nog moet verloop. Hy sê: "[14]Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, moet julle julle daarvoor beywer om vlekkeloos en onberispelik voor God, en in vrede met Hom, te lewe. [15]En beskou die geduld wat ons Here met ons het as geleentheid om gered te word."

Br en sr, sien jy die beginsel agter God se geduld met jou? Geduld het te doen met voordeel of opbou of vorming van die mens waarmee jy te doen het! Geduld gaan daaroor dat jy aan die ander een se belange dink! Net soos God aan jou belange dink deur geduldig met jou te wees, so moet ek en jy leer om geduldig en lankmoedig te wees omdat ons aan die ander persoon se belange dink!

Brs en srs, des te meer wanneer ons besef wat God se geduld met ons Hom gekos het! Want jy sien: God se geduld vir my en jou berus maar net op een saak: sy ongeduld met die sonde van die mens! Dit is waarom Hy vir Moses gesê het dat Hy met mense geduld het, maar Hy kan nie sonde ongestraf laat bly nie! God het geduld met mense maar nie met ons sonde nie!

En om te waarborg dat Hy sy geduld met ons behou, het God ons Vader as't ware in ongeduld met Jesus Christus gehandel! Hy straf ons sonde aan Jesus – met die volle straf, geweld en woede wat sonde verdien! Hy betoon geen geduld aan sy Seun in die wyse waarop Jesus moes ly en sterf nie! Hy los ons Here Jesus alleen om die onreg van ons straf te dra – sodat – God geduldig met ons kan wees!

Ons het mos verlede Sondag gehoor: ons leef nou in 'n herstelde verhouding met God! Daar is vrede tussen ons en God – en daarom kan God met ons geduld hê.

Paulus het hierdie geduld van God vir sondaarmense baie persoonlik ervaar. (Wys skyfie 3) Hy skryf in 1 Tim. 1 : 15 – 16: [15]Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste. [16]Maar juis daarom was God my genadig sodat Christus Jesus aan my, as die grootste sondaar, al sy verdraagsaamheid sou betoon en ek 'n voorbeeld kon wees vir almal wat in die toekoms in Hom sou glo om die ewige lewe te verkry.".

Br en sr, kom ek en jy dink ook na oor God ons Vader se geduld met my en jou! Sy geduld met my wanneer ek maar weer in sonde val en weer om vergifnis moet kom vra! Elke dag! Sy oneindige geduld met my swakhede, my twyfel, my kleingeloof, my vrese en bekommernisse! Elke keer is Hy daar vir my! Elke keer ontvang ek genade en vergifnis. Elke keer luister Hy en help Hy my – Hy is geduldig met my!

Hoekom? Want Hy wil my vorm na die beeld van Christus! Ons Vader se geduld vorm ons lewe op verskillende vlakke sodat ons meer en meer soos Christus kan word!

Dink bv. aan ons Vader se plan om my te oefen in my geduld met Hom wanneer Hy my in moeilike lewensomstandighede bring. Ons lees in Jak 1 dat beproewing my geduld met God oefen, sodat ek kan volhard in die geloof!

In Hebreërs 12 leer Hy ons leer dat ons moet volhard as Hy ons tugtig want wanneer Hy ons tugtig is dit nie lekker nie, maar wanneer ons geduldig wag sal dit ŉ goeie vrug in lewe oplewer!

In Jak 5 leer ons Vader ons om met geduld op Hom te wag in die vervulling van sy beloftes! Soos ŉ boer wag op die oes, so moet geduldig wag op die Here!

Hoe lankmoedig is die Here nie met ons om ons te begelei in die groei van ons geloof en om vir Hom vrug te dra in ons lewe nie! Dink maar aan die gelykenis in Lukas 13 : 6 – 9 (Wys skyfie 4) Hoe Christus as die tuinier by God ons Vader pleit vir nog ŉ jaar van bemesting – miskien sal hy volgende jaar vrugte dra! God se geduld om ons vrug te laat dra in ons lewe!

Brs en srs, sien jy ook God se geduld in jou lewe raak? Hoe jy ook moet leer om met geduld met God saam te leef in die wyse waarop Hy jou lewe lei en jou deur beproewing en tugtig lei! Dit alles met die doel dat jy vrug sal dra!

Ook die vrug van die Gees van geduld in jou lewe! Want dit is wat God by jou soek! Kom ons kyk dan nou na onsself!

Ja, ek en jy moet ook geduldig wees! Ons ervaar dan in ons eie verhouding met God hoe Hy sy geduld tot ons voordeel aanwend! Nou moet ek en jy dieselfde doen met die mense rondom ons! God se opdrag tot geduld is nie maar net dat ons moet leer om op ons tande te byt nie! Ons geduld is nie maar net om geduld te hê nie! Nee, ons geduld moet ook daarop gerig wees om tot voordeel van die mense rondom ons te strek! Dat ons geduld ook hulle lewe tot voordeel kan strek!

En dit is juis wat die Heilige Gees in ons lewe bewerk! Paulus beskryf dit so mooi in 2 Kor. 6 en 7. Kyk hoe werk die Gees in ons lewe – net soos in Paulus as hy skryf: “ “ 6Ons het onberispelik opgetree, met begrip, met verdraagsaamheid (geduld) en vriendelikheid. Dit alles het ons gedoen deur die Heilige Gees, deur opregte liefde, 7deur die woord van die waarheid en deur die krag van God. Ons wapen vir aanval en verdediging is om die wil van God te doen. “ Die vrug van die Gees se werk in ons lewe is geduld! Hy herinner ons aan God se geduld met ons sodat ons ook geduldig is!

Dit is waarom die Gees deur die Woord ons gedurig daartoe oproep: Ons het dit gelees in Efes 4: 2: “ 2Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde.”

Luister ook weer na ons Here se opdrag in Kol. 3: "[12]Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie lief het. Daarom moet julle .....verdraagsaam wees. [13]Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe."

Dit is hoe die Here se geduld met ons ook neerslag in ons lewe as mense met mekaar hê!

Onthou julle nog ons metafoor van die twee bome waarna ek al baie in die reeks verwys het? Die vrugteboom vol vrugte en die doringboom? God wil dat ons vrugteboom vol geduld sal wees! Want dit staan is sterk kontras teenoor die doringboom wat hy in Galasiërs 5: 19: beskryf! Aan die doringboom sien hy woede-uitbarstings, 'n kort lont sommer vir niks ontplof nie! Die doringboom herken mens aan iemand wat altyd in alle omstandighede sy of haar eie wil afdwing. Jy sien verwaandheid waarmee mense op ander mense neersien en dus maklik ongeduldig raak! Paulus sê in Gal. 5 : 26 die "doringboommense" herken aan mense wat mekaar uittart en met mekaar veg in plaas van mekaar met geduld verdra en lankmoedig met mekaar optree!

Ja, geduld is 'n lieflike vrug van die Gees wat ek in my lewe moet dra! Of ek wil of nie! Dit is wat God my leer! Wanneer ek sien hoe Hy met my geduldig is, dan wil ek ook met ander geduldig wees in my lewe!

Selfs, selfs as ek die een is wat aan die kortste end moet trek as gevolg van my geduld! Selfs as daar teenoor my onreg gepleeg word! Dan bly ek geduldig! Is dit nie wat ons Here Jesus ons geleer het nie? Dat Jesus die smaad en onreg van sondaars teen Hom verdra het nie – soos dit staan in Heb. 12: 3 – sodat daar vir ons 'n vrug van redding en genade kan wees?

Is dit nie wat Christus leer in Matteus 5 nie? Dat ons in situasie van onreg eerder die ander wang moet draai en die ekstra myl moet saamloop nie? Dit is mos wat geduld is? Dit is wat die vrug van die Gees onderskei van enige ander menslike geduld – dit is wat Christene doen omdat die Gees van God in hulle woon!

Ek sluit af: het jy geduld nodig? Dink dan maar net weer mooi Wie God is, en hoe geduldig Hy met jou is, voor jy in ongeduld optree! Leer om jou eie belang ondergeskik te stel aan die belang van jou naaste -sodat jou geduld sy of haar lewe kan vorm – net soos God se geduld met jou, jou lewe vorm!

Het jy geduld nodig? Gelukkig dat jy vanoggend die wonderlike nuus gehoor het: Die vierde vrug van die Gees is dat Hy jou herinner aan God se geduld met jou sodat jy ook geduldig kan wees. Kom ons bekeer ons van ons ongeduld! Kom ons ruk hierdie doring van selfgerigtheid, humeurigheid en eie wil uit ons lewe uit! Kom ons wees geduldige mense! Soos God met ons geduldig is!

Amen